Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens
2017-07-30
Matteus 7:21-23 & Matteus 7:28-8:4
Fokusverse: Verse 23 & 4

Christus se gesag roep ons om te getuig met ons dade

Spreek lewe! Name it and claim it! Sê dit net en dit is joune!

Dit is ongelukkig bekende spreekwoorde waarmee ons vandag gekonfronteer word. Ons kosbare geloof word afgewater tot 'n mengelmoes van toorwoordjies waarmee ek self God kan speel en deur my woorde selfs kan intree wanneer God se wil nie na my sin is nie.

Vanaand gaan ons saam kyk na die Word of Faith beweging wat hierdie stroom in die teologie lei. Tog word ons deur Christus self geleer hoe ons die verhouding tussen ons woorde en ons dade moet sien.

Christus se gesag roep ons op om te getuig met ons dade.

- **Christus het die gesag om te onderrig**

Ons het laasweek gehoor vanuit Jakobus 2 hoe ons geloof deur ons dade bewys moet word. Ons is opgeroep om deur ons dade te getuig van ons geloof. Vanoggend gaan ons daarop voortbou deur praktiese voorbeelde uit die Skrif wat wys dat ons woorde en ons dade eerstens nie los is van mekaar nie, maar ook gewortel is in ons geloof in en deur Jesus Christus.

Die gedeeltes wat ons saamgelees het val onder twee verskillendes temas in die evangelie volgens Matteus. Die gedeeltes in hoofstuk 7 is deel van die bergrede waar Jesus die mense onderrig op die berg, deur veral te fokus op die koninkryk van God wat deurbreek hier op aarde. Die gedeelte in hoofstuk 8 maak deel uit van die gedeelte in Matteus wat fokus op die bevestiging van Jesus se gesag as die Messias. Met ander woorde ons het twee gedeeltes saamgelees wat basies fokus op die teorie wat Jesus leer, en dan die praktyk waarop dit wat ons reeds weet, uitgeleef word.

Die doel van die bergrede was om te onderrig. Jesus het soveel gehad wat Hy vir die mense geleer het. Hoe om die wet prakties uit te leef. Hoe om God lief te hê, hoe om jou naaste lief te hê. Die berg het gedien as 'n oorlogskamer waar die soldate

toegerus is, waar hulle die strategie geleer is, waar hulle toegerus is om die werk te gaan doen. Dan kom die oorlogveld...

Gaan uit en gaan doen!

In vers 23 gee Jesus ook die duidelike antwoord wat van hulle gaan word wat nie luister nie – *Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van my af.* Dit klink bykans liefdeloos. Hoe kan die Seun van God vir mense sê ek het julle nie geken nie?

Hoe kan dit die woorde wees van 'n God van liefde?

Die wet van die Here eis – Liefde teenoor God en liefde teenoor jou naaste! Daarom sê Christus *Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.* Julle wat nie liefde toon teenoor God of jou naaste nie.

Liefdelose predeking, liefdelose duiweluitdrywing, liefdelose wonderwerke beteken niks!

Om liefdeloos sondag vir sondag in die kerk te sit, om liefdeloos my Bybel te lees, om liefdeloos die naam van God te bely beteken niks, as my dade nie getuig van my geloof nie.

Hierdie woorde val nie sag op die oor nie. Dit is nie lekker om dit te hoor nie. Die skare wat Christus eerstehands aangehoor het, was self verbaas oor die wyse waarop Jesus praat. Hulle kon duidelik hoor hierdie man het die gesag om te kan praat. Maar dit bly nie net by praat nie. In hoofstuk 8 sien ons hoe Jesus die melaatse man genees.

- **<u>Ons woorde en dade moet nie mekaar weerspreek nie</u>**

Jesus praat nie net nie, Hy doen ook. Jesus steek sy hand uit na die man, raak hom aan en sê dan "*Ek wil. Word gesond."* Dit is nie net maar blote woorde wat hierdie man gesond maak nie. Dit is die wil van Jesus, die wil van God wt maak dat hierdie man gesond kan word. Net so ook is dit die dade van Jesus wat hierdie man genees.

Jesus gee egter 'n vreemde opdrag aan hierdie man. *"Jy moet dit vir niemand vertel nie."* Die man wat pas 'n wonderwerk beleef het, wat dit eerstehands ervaar het, kry nou die opdrag om te swyg. Bly stil! Moenie vir mense sê Jesus het jou gesond gemaak nie! Die doel is egter nie om dit geheim te hou nie. Die opdrag gaan aan

omdat Jesus sê gaan wys jou vir die priester, bring die offer – dit sal vir die mense bewys dat jy rein is.

In Lev. 14 lees ons hoe iemand die offer moet bring om weer rein verklaar te word. Die duidelike riglyne word daargestel soos wat die wette dit vereis het wat God aan Moses gegee het. Wanneer Jesus dus vir die melaatse man genees, sê hy nie vir hom jy is gesond en verwerp nou al die wette nie. Jesus maak dit duidelik – Jou geloof het jou gered, wees gehoorsaam aan die wet. Die man is genees omdat Jesus wou, nie omdat hy die offer gaan bring het nie.

Ons is deur Christus vrygemaak van die wet, maar ons het steeds die verantwoordelikheid om die wet te gehoorsaam as teken van dankbaarheid. Ons kan nie net praat en praat en praat, en heeltemaal vergeet van die dade nie. Ons dankbaarheidslewe moet steeds duidelik word in die manier wat ons optree. Ons dade moet getuig dat verlos is.

- **<u>Ons dade moet getuig</u>**

Jesus gee aan die geneesde man duidelike rede hoekom hy homself moet gaan wys vir die priester. *"Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het."*

Jesus sê nie gaan en gaan verkondig, of vertel of sê nie. Nee, gaan en wys jouself. Gaan en wees 'n lewende bewysstuk dat jy rein geword het. Getuig dat jy rein geword het deur die werk van Jesus Christus, nie die werk van die priester, of self nie.

Gemeente, as ons monde vandag toegeplak word, gaan mense kan sien ons is gelowig? Gaan mense kan sien ons is verloste diensknegte van Jesus Christus?

Gaan ek kan getuig van Jesus se genesende krag selfs al moet ek stilbly?

Die eenvoudige antwoord is ja.

Maar doen ons dit? Of maak ons soos die wat gesê het ons dryf duiwels uit, en doen wonderwerke en preek, maar ons kom nie die wet van die Here na nie.

Wanneer ons die wet uit leef deur lief te wees vir God en ons naaste, dan kan ons werklik sê dat ons getuies is van Jesus se verlossingswerk.

Hoe is ek lief vir my naaste?

Is dit genoeg om te sê ek is lief vir my naaste? Nee, ons moet doen. Die verwagting is nie dat ons alles nou los en uitstorm en die wêreld omhels nie.

Liefde vir my naaste is om die vreemdeling in die gemeente te groet en myself aan hom of haar voor te stel en welkom te laat voel in die gemeente.
Liefde vir my naaste is om my kinders werklik in diepte te onderrig in die Woord van die Here.
Liefde vir my naaste is om my vriend of kollega aan te spreek wanneer hy die naam van die Here misbruik.
Liefde vir my naaste is om dit wat die woord van die Here vir ons leer, nie net aan te hoor nie, maar om dit te gaan leef.
Liefde vir my naaste is nie net om kerk toe te gaan nie, maar om kerk te wees.

Gemeente wanneer ons so leef, is dit nie nodig om op die straathoeke te staan en Bybelverse te skree nie. Dan kan die wêreld sien ons is op die regte pad. Nie omdat dit is wat ons red nie, maar omdat ons dankbaar leef. Omdat my dankbaarheid oorloop in dade.

<u>Slot</u>

Ons moet glo. Ons moet doen. Jesus het nie mense blindelings gestuur om te gaan bedien nie. Hy het met Sy woorde onderrig en mense toegerus om diensknegte te wees van die evangelie. Hy het self ook met sy dade gewys.

Hy het vir ons gewys om met ons dade te getuig. Ons word weereens herinner dat woorde nie genoeg is nie. Ons kan nie net praat en niks doen nie.

Ons kan selfs deur stil te bly en net te doen steeds getuig van die reddende krag van ons verlosser.

Hiermee sê ons nie dat woorde en belydenis onnodig is nie, maar dat ons met woord en daad moet getuig dat ons in Christus verlos is, en daarom dit ook met daad moet verkondig aan hulle wat nog moet hoor. Daarom word ons ook deur die woorde van Johannes opgeroep om hierdie liefdes dade teenoor mekaar te bewys.

Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid. (1 Joh. 3:18)

Ons woorde is nie doelloos nie. Glo met die hart en bely met die mond. Maar doen met die hand.